

INHOUDSOPGAWE

Vooruitsiende blik	1
Moeder	4
Hoe om na 'n preek te luister	6
Kom alles tog uiteindelik reg?	9
Is 'n gebed vir bekering 'n teken van haat en onverdraagsaamheid?	11

REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,
Johannesburg
jopie1976@gmail.com

VOORUITSIENDE BLIK

CJ de Ruyter

Ons sien uit na God se toekoms. Daarby word ons nou met hierdie artikel bepaal. Maar so 'n verwagting moet langer duur as slegs een dag. Dit bly nodig dat ons elke dag opnuut na die koms van Christus uitsien. Dit is nog nie so eenvoudig nie. 'n Mens se aandag word maklik afgetrek na wat vandág gebeur. Jy word dikwels bysiende; staar jou blind op dit wat verby is, of op wat nou aan die orde is.

Daar is 'n plek waar jy van dié kwaal genees kan word. Waar jy leer om waarlik vooruit te sien. Ek bedoel die Heilige Nagmaal. Ons vier immers Nagmaal totdat Hy kom. Ons ontvang aan die tafel as gemeente saam 'n vooruitsiende blik.

Gegronde verwagting

Sáám vooruitsien. Daarin lê iets prikkelends opgesluit. Jy leer om saam op die uitkyk te wees na die doel. Wat is dié doel? As God die doel stel, is geen woord te groot, niks te duur of te feestelik nie. God noem dit 'n bruilof. 'n Nuwe aarde. Dis asof God alles aanwend om die doel waarna ons op pad is, te teken.

Langs dié pad is die Nagmaal 'n mylpaal. 'n Bemoediging: Weet jy nog waarheen ons op pad is? Het jy nog



die doel voor oë? So rig God ons oë oor die hede heen, sy toekoms in. Maar die toekoms val nie sommer uit die lug nie. Dit het baie gekos. Dit is wat besonders is aan die Nagmaal. Ons kyk terug én ons kyk vooruit. Ons gedenk én ons verwag.

God het self dié twee dinge bymekaar gevoeg, toe hy gepraat het van *die bruilof van die Lam*. Die bruilof is die fees waarnatoe ons leef, maar die bruidegom is die Lam. Die *Lam*. Dit is 'n unieke naam. Die Lam. Dit is die kwesbare naam van Jesus. Hy is God wat die kwaad oorwin, maar Hy doen dit op 'n wonderlike manier.

Wanneer óns kwaad teëkom, wil ons dit al te maklik met kwaad teenstaan. Die rede hiervoor is dat die kwaad ons krag te bowe gaan. Jy probeer met alle mag om 'n greep daarop te kry, dit met geweld te stuit, maar dit

ontglip jou nietemin. Maar God kán. Dit is so wonderlik: Hy soek die kwaad op, Hy word daarvoor 'n mens – 'n kwesbare Lam.

Hy het die kwaad opgesoek en oorwin met sy goedheid. Hy het Homself kwesbaar gemaak, want Hy het die kwaad nie sommer net so nek omgedraai nie. Nee, Hy sê: bring *al* die kwaad hier, lê dit op my skouers, Ek kan dit verduur. En 'n mens sien, so te sê, hoe al die kwaad op Hom neerkom. Dit het Hom vermorsel.

Die fees van die oorwinning van die kwaad. As daar één is wat dit waar kan maak, dan is dit Hy.

'n Mens voel dit aankom in die Bybel. Van die begin af was 'n Lam bestem om geslag te word. En ... dan gebeur dit ook. Die bloed. Dit beteken iets. Jy stryk die bloed aan jou deursyn en – die dood gaan by jou huis verby. Só gaan die kwaad verby - as die Lam jou beskerm. Dié Lam. Tot die dood toe kwesbaar, maar daardeur sterker as die dood. Hy is die Lam wat die sonde van hierdie wêreld wegneem.

“Die Lam”. Dit is die kwesbare naam van Jesus. Die naam waarmee Hy sê: Ek gee myself. Tot die uiterste toe. En kyk, *Hy* is die bruidegom. Ek beklemtoon dit, want dan eers kan jy daarop vertrou dat die fees sal voortgaan. Daar is 'n *gegronde verwagting*, en dit is die kern van die Nagmaal. Ons kyk terug na Gólgota waar die Lam Homself gegee het.

Maar daarom kyk ons ook vol verwagting vooruit. Straks vier Hy die gróót fees. Die fees van die oorwinning van die kwaad. As daar één is wat dit waar kan maak, dan is dit Hy. Die bloed van die Lam oorwin die kwaad. Vol verwagting sien ons aan die tafel daarna uit. Die kwaad in die

gemeente. Die kwaad in die wêreld. Wie kan dit oorwin? Die Lam.

Daarom verkondig ons sy dood, en sien met reikhalsende verlange uit na sy fees. Nou kan ek by die kwaad wat my telkens aan die keel gryp, verbysien. Nou het ek die vertrou dat alles reg sal kom. Daar is 'n gegronde verwagting. Aan sy tafel leer ek om verder te kyk: ek sien 'n nuwe aarde kom. God self kom by ons bly.

Met ander oë

By die Nagmaal leer jy om werklik jou uitkyk te verskerp, om met ander oë te kyk. En dan ontdek jy die werklikheid van God. Dit is waarop die viering gerig is: Kyk na Christus. Die brood word gebreek. Dit is die liggaam van Christus. Maar kyk ook geestelik. Kyk dieper. Moenie aan die uiterlike tekens bly hang nie. Kyk met die hart omhoog, in die hemel waar Christus is. Daar sien ons Jesus met sy eer en heerlijkheid gekroon.

Ek kyk dan rondom jou. Dan leer jy om te sien: Dit is nou die liggaam van Christus. Jy ontvang 'n plek daarin. Jy ontvang die ander as medelede van die liggaam van Christus. Die viering is daarop gerig. Jy leer om met ander oë te kyk. Wanneer jy dit alles ontvang, word jy as 't ware 'n siener wat die kontoere van die koninkryk gewaar. Jy kyk met ander oë na die gemeente. Jy ontdek die genade. Jy ervaar die gemeenskap. Jy onderskei die liggaam van Christus.

Só groei ook die verwagting. Wat God nou gee, is 'n voorskot. Jy smaak dat die Here goed is. Maar as dit die voorsmakie is, begin jy na méér verlang. En dit is daar waar die Nagmaal die plek kry wat Christus wil hê. Die eerste keer toe Hy dit gevier het, het Hy gesê: Ek sal die wyn opnuut met julle drink in die koninkryk van my Vader. Daarom klop die harte vol verwagting aan

Daar is geen sterker argument as 'n heilige lewe nie.

- Robert Murray'Cheyne

die tafel. Ons vier hierdie fees *totdat Hy kom*.

So kom daar dan 'n nuwe uitkyk in ons lewe. Ons sien saam uit. En in daardie uitsien word ons harte verenig. Die vooruitsiende blik gee hoop op die toekoms. Hoop wat laat lewe. Lewe wat groei moontlik maak.

Geestelik sien

Dit hou baie belofte in. Of liever: God beloof baie. Die vraag is nou: Sien mens iets daarvan? Kry mens dit in die praktyk?

Ek kan nie 'n algemene antwoord daarop gee nie, en ek wil ook nie. Wat my wel opval is dat baie mense sê: 'My aandag moet telkens weer daarop gerig word'. Daar is ook so baie dinge wat ons aandag aflei. Die dinge van hierdie wêreld. Die vraagstukke in die kerk. Die verwickelinge in jou eie lewe. Dit kan alles tussen ons en God se toekoms inskuif. Te midde van hierdie werklikheid is die Nagmaal 'n groot krag – die maaltyd van die gegronde verwagting.

Die Nagmaal moet daarom 'n kernpunt in ons liturgie bly. Ons moet ons aan God die Heilige Gees toevertrou. Dit is immers Hy wat die verwagting van Christus lewend hou. Die Gees en die bruid sê: Kom! Ons saam is die bruid. Die Gees wil niks liever as om ons aan die Bruidegom te verbind nie. Dáárom moet ons Nagmaalviering lewend en kragtig bly. In hierdie verband wil ek graag op twee dinge wys.

Baie Nagmaalgangers ondervind probleme met die viering. 'Dit beteken vir my min' sê hulle. Hoekom? Dikwels word daar na die vorm van die nagmaalviering gewys. En gou is daar die roep om vernuwing. Maar één ding word nie genoem nie: Hoe kom jy na die tafel? Wat verwag jy van die Gees? Wat jy saam met jou van die tafel af wegneem, hang af van wat jy saam met jou na die tafel toe saambring. Kom jy met die

verwagting dat die Gees die genade van Christus sal uitdeel? Dan sal jy die genade ontvang. Eers dán is jou hart daarin. Eers dan leer jy om verder te kyk.

Aan die ander kant kan alles vir mense goed en wel wees, maar in werklikheid sit hulle in 'n sekere groef. 'Ons vier dit mos soos ons dit altyd gedoen het. Waarom sou ons dit anders doen?' In sulke taal klink daar dikwels geen verlange meer nie. Nie 'n wens vir iets groter, om toe te neem, om na Christus toe te groei nie. Die verwagting staan stil. Jou blik word weer bysiende.

Hoe kan dit wees? Die gebed om die Gees is immers die kern van die Nagmaal. Voor ons aan die tafel aansit bid ons: "... dat U deur u Heilige Gees 'n opregte vertroue in ons harte sal bewerk om ons al meer aan u Seun oor te gee". Die gebed om die Gees – dit is deurslaggewend. Bly jy ten dele of heeltemal daarbuite, dan het die Nagmaal 'n stilstaande fees geword. Jy verkyk jou aan wat jy sien. Jy staar jou *blind* teen die uiterlike dinge of die mense aan die tafel.

Die gebed om die Gees is beslissend. Dit is belangrik om daarin en daarmee te lewe, om bewus daarmee om te gaan. Dit is die hart van die fees. Dan ontvang ons waarlik die genade van Christus. Dan onderskei ons waarlik die liggaam van Christus. Dan verwag ons waarlik die koms van Christus. Só sal ons ook met mekaar verder kom, want deur die Gees sien ons wat werklik belangrik is. Die Gees ken slegs één doel: die koms van die Koninkryk. Dit word dan ook ons doel, as ons ons deur Hom laat lei. Ons gesamentlike doel. Op weg na hierdie doel kan die tafel ons juis bymekaar bring. Telkens opnuut. Juis aan die tafel kyk ons mekaar in die oë. En saam sien ons uit na die dag wanneer dit nooit meer sal ophou nie.

**Wanneer Jahwe alles beloof, mag God se volk ook alles van Hom vra.
Enigeiets minder as dit sal Hom aanrand in sy vaderlike vreugde.**

- HJ Schilder

MOEDER

G Gunnink



As jy van die kerk praat as 'n huis van waarheid en liefde, kan jy ook sê dat dit die bedoeling is dat die kerk soos 'n moeder vir jou moet wees.

Die kerkvader Cyprianus het die volgende kras uitspraak gemaak: 'Wie die kerk nie as moeder het nie, kan God nie as Vader hê nie.' In navolging van hom het heelwat mense – Augustinus, Calvyn en ander – graag van die kerk as moeder gepraat. Ek wil dit graag anders as Cyprianus wil uitdruk: Iemand wat God as sy Vader ken, kan nie sonder die kerk as sy moeder klaarkom nie.

Die beeld van die kerk as moeder is waardevol. Waarheid en liefde word skitterend daarin saamgevat. Dit het te make met liefde, gesonde voeding en beskerming. Dit omvat geborgenheid en ruimte. Die bewering is al gemaak dat die kerk nêrens in die Bybel moeder genoem word nie. In Galasiërs 4:26 word die *hemelse* Jerusalem ons moeder genoem. Die aardse gemeente kan nie sommer vinnig met die hemelse werklikheid gelykgestel word nie. Maar

ons moet besef, dit kan ook nie daarvan losgemaak word nie. So byvoorbeeld sien os dat die Bybel op baie plekke praat van die gemeente as God se beminde bruid of ook as owerspelige vrou. En hierdie vrou het kinders! Aan Moeder Sion word daar byvoorbeeld gesê: God bring die kinders weer na jou toe terug. Die kinders hoor op hulle beurt: waar is tog die skeibrief van julle *moeder* waarmee Ek haar verstoot het (Jes. 49:14-50:1)? 'n Rukkie later belooft God: 'Wees bly saam met Jerusalem en juig oor haar, almal wat haar liefhet! Wees vrolik saam met haar, baie vrolik, almal wat oor haar treurig gewees het! Sodat julle kan suig en versadig word aan die bors van haar vertroosting; sodat julle kan uitdrink en julle verlustig in die oorfloed van haar heerlijkheid' (Jes. 66:10,11).

Kan daar ook 'n gevaar in hierdie beeldspraak skuil? Ja, as 'die heilige moederkerk' op dieselfde vlak as God die Vader gestel word. Te hoë verwagtinge van die kerk het teleurgestelde Christene tot gevolg. Daar bly steeds 'n oneindige groot verskil tussen Hom en haar. Hy is jou getroue en sterke Vader, sy is jou swak moeder. Ek sien die hemelse Jerusalem gebrekkig gestalte kry in my gemeente. Soms gaan die liefde met spanning gepaard. As 'n verhouding jou na aan die hart lê, is pyn onvermydelik! Maar ek bly daarvoor bid dat die gemeente toenemend die moeder mag wees wat my by die Vader bring.

Tog spreek die beeld van die moeder my aan. Persoonlik, omdat dit vir my verbind met die kerk van my jeug. Die naam 'moeder' sê ook vir my

In die Nuwe Testament sê dit nie dat Christene heilige lewens moet lei sodat hulle heiliges sal word nie; dit sê dat Christene, omdat hulle heiliges is, nou ook heilig moet gaan lewe!

- J.I. Packer

dat jy die drie kenmerke van die kerk wat in die belydenis genoem word, nie as koue kriteria kan sien nie. Inteendeel: die Bybelse verkondiging is jou voeding. Die sakramente is die versterkende middels wat die moeder vir my daarby op tafel sit. En die kerklike tug is die beskerming wat sy my bied. Dit is dan ook nie waar dat dit in die kerk net om die leer gaan en dat atmosfeer en ervaring nie saak maak nie. By jou moeder mag jy tuis voel, tuis in God se huis. 'n Moeder wat jou voed, versterk en beskerm is iets anders as die sakevrou van die jaar wat aan alle kwalifikasies voldoen.

Aan die ander kant sê die naam 'moeder' vir my dat die kerk iets is om van harte lief te hê. Die jongste neiging is in 'n neutedop: 'Geloof ja, kerk nee'. Maar hierdie neiging het nie sy oorsprong in die Bybel nie. Omdat Vader moeder so liefhet, daarom het ek haar ook lief (sonder inagneming nog van alles wat ek aan hierdie moeder te danke het). Daarom is dit onbegryplik dat Christene soms so vryblywend en ongebonde teenoor die kerk staan: asof jy die een vereniging net so vir 'n ander kan verruil. *Probeer om weer opgewonde oor die kerk te raak en oor die mooi dinge wat daar gebeur. Dit is aansteeklik en opbouend.* Is die enorme kerklike verdeeldheid wat ons dikwels deesdae kry nie 'n aanduiding van 'n chroniese tekort aan moederliefde by baie gemeentelede nie?

Ja, jy kan dit ook te ver neem en misbruik maak van die moeder-beeldspraak. Dan loop dinge heeltemal skeef in die kerk, dwalings kry vastrapplek en tog sê mense dan: ek bly steeds getrou aan my gemeente, want 'n mens laat mos nie "n siek ma' in die steek nie? Om van jou ma af weg te loop, is iets wat 'n mens slegs in uiterste nood doen. Maar as die gemeente nie meer 'n moeder is nie, maar 'n vrou wat haar kinders vergiftig, het jy geen ander keuse nie.

Sommige kere hoor mens dat daar van

'kerkkeuse' gepraat word. Dit lyk dan soms asof die eerste keuse ons s'n is om te maak. In werklikheid het God al vir jou gekies en jou 'n plek in 'n bepaalde gemeente gegee. Erken sy leiding in jou lewe. God het jou en my al geken voordat ons gebore is. Die woord 'moeder' mag jou daaraan herinner dat jy binne 'n bepaalde gemeente gebore is. Jou doop was God se rigtingwyser vir jou: "Ek wil *jou* deel van hierdie liggaam maak." En daarom ook: Moenie van Christene in ander kerke verwag dat hulle sommer so sonder baie goeie rede 'oorkom' na jou kerk nie. Bid wel daarvoor dat elke Christen so bewustelik met God se Woord besig sal wees dat hy dit van sy gemeente verwag dat slegs die stem van die Here daar gesag dra.

En vra jouself af waarom God jou lewe so gelei het en jou in jou huidige gemeente 'n plek gegee het. En hoe God jou daar wil gebruik.

**Maar ek bly daarvoor bid
dat die gemeente toenemend
die moeder mag wees
wat my by die Vader bring.**

Vrae

1. Wat dink jy van die moeder-beeldspraak? Is dit nie 'n mooi manier om aan te dui dat die kerk nie slegs 'n instelling is nie, maar ook te make het met versorging, voeding en intimiteit? Wat sou jy self beskou as 'n belangrike punt waarop hierdie moeder moet verbeter? (Reken jouself gerus daarby in.)
2. Om gereformeerde te wees is 'om groot te dink oor God se genade en dit as iets kosbaar te beskou'. Wat dink jy van hierdie omskrywing?

**Die enigste troos teen Satan wat so woese kere gaan,
is dat ons die Woord van God het om gelowiges te red.**

- M Luther

HOE OM NA 'N PREEK TE LUISTER

TH Park

'n Luisterende hart behoort vier 'snare' te hê. Een van die vier (waarna ons hier nie sal kyk nie), is om te luister met ontsag. Ons wil in hierdie artikel daarop let dat dit belangrik is om biddend te luister, verlangend te luister en krities te luister.

Biddend luister

Om biddend na die prediking te luister, is beslis nodig. Sonder om te bid dat God lig werp op sy Woord, kan ons met ons natuurlike vermoëns helaas niks begryp van die geestelike dinge nie (1 Korintiërs 2:10-14). Net soos Dawid moet ons bid met die woorde: "Open my oë, dat ek kan sien die wonders uit u wet" (Psalm 119:18). Dit is noodsaaklik om die Heilige Gees se hulp te vra, want Hy is die Gees van die waarheid wat ons lei "in die hele waarheid" (Johannes 16:13). Die prediking is dus allereers 'n saak van God. Toe die opgestane Christus met twee dissipels gepraat het en die Skrifte vir hulle oopgemaak het, was hulle hart brandende in hulle (Lukas 24:32). Nog steeds open God sy Woord deur die Gees, sodat ons voel dat ons hart brandende in ons is.

Paulus verbind die prediking van God se Woord met die heilige Gees. Daa is 'n noue band tussen die twee. "Blus die Gees nie uit nie. Verag die profesieë nie" (1 Thessalonisense 5:19-20). In hierdie verband is die volgende

gedeelte in Handeling 16 opmerklik. Lydia, 'n godvresende vrou, "het geluister: die Here het haar hart geopen *om ag te gee op wat deur Paulus gesê is*" (Handeling 16:14). God open ons harte sodat ons aandagtig kan luister na die prediking van God se Woord. Wie is welgeluksalig? Slegs die man wie se "behae is in die wet (Woord) van die Here, en hy oordink sy wet (Woord) dag en nag" (Psalm 1:2).

As ons God 'n luisterende God is wanneer ons tot Hom bid, moet die omgekeerde ook geld: dat



ons na God luister wanneer Hy deur middel van die prediking tot ons spreek. Dit is nie vryblywend nie, maar noodsaaklik dat ons bid, sodat ons hart van klip sal verander in 'n hart van vlees, van 'n ontevrede hart na 'n tevrede hart. 'n Mens vol ontevredenheid begin al gou te kla as hy 'n enkele Woord van God aanhoor, en by hom of haar is daar nie 'n krieseltjie dankbaarheid te vinde nie.

Dit is ook nodig dat ons God se Woord goed begryp en dit persoonlik toepas. 'n Hoorder wat luister sonder om te bid, kan God se Woord verkeerd begryp, maar ook verkeerd toepas. As mense met 'n sondige lewenswyse in die prediking vermaan word, dink hulle dat die predikant iets teen hulle het en maak hulle nie erns met wat die Here vir hulle wil sê nie. Maar iemand wat hom goed voorberei het in gebed en daardie selfde vermanende woord hoor, sal sy eie hart ondersoek, sy sondes bely en om

**God is altyd besig om goeie dinge aan ons te gee,
maar ons hande is dikwels te vol om dit te ontvang.**

- Augustinus

vergewing vra. 'n Biddende mens sal dus sekerlik 'n milde hart van God ontvang, sodat hy keer op keer God se liefde in die prediking sal ervaar.

Wanneer ons die prediking van God se Woord hoor, kom ons met al ons sorg en probleme voor God se aangesig. Juis dan is dit 'n wonder hoe God dikwels die een Skrifwoord gebruik om elkeen in sy eie omstandighede te troos en te bemoedig. Dit is die misterie en die geheim van die prediking wat deur die gebed vir ons oopgaan.

Verlangend luister

Die verlange na God en sy Woord mag nie ontbreek wanneer ons die prediking aanhoor nie. Die psalmdigter bely eerlik sy verlange na God se Woord: "My siel vergaan van verlange na u verordeninge altyddeur" (Psalm 119:20). Die digter sê verder: "Ek maak my mond wyd oop en hyg, want na u gebooi verlang ek" (Psalm 119:131). Met kragtige uitdrukkings, soos sy siel wat vergaan en sy gehyg, gee hy uitdrukking aan sy verlange na God se Woord. Is dit by ons ook so, of vergaan ons harte omdat ons hyg na allerlei wêreldse en materiële dinge?

In 'n ander psalm verwoord 'n digter dieselfde verlange op die volgende manier: "Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God! My siel dors na God, na die lewende God; wanneer sal ek ingaan en voor die aangesig van God verskyn?" (Psalm 42:2-3). In die Nuwe Testament skryf Petrus ook dat die profete van die Ou Testament "aangaande hierdie saligheid (van julle siele)" ondersoek, nagevors en nagespeur het (1 Petrus 1:9-11). Ja, daar staan selfs dat die engele begerig is om in te sien in die Evangelie (vgl 1 Petrus 1:12). Maria is deur die Here Jesus geprys, omdat sy die goeie deel uitgekies het: sy wou aan sy voete sit en na Hom luister (Lukas 10:42).

Wanneer 'n mens na die prediking luister, is ons harte veral belangrik. Die belangrikste aspek van luister is nie die *kennis* van die Bybel nie; die prediking is in die eerste plek 'n saak van die *hart* en die binneste.



Krities luister

Dit wil egter nie sê dat ons verstandelike denke ingeperk moet word wanneer ons luister nie. Om na die prediking te luister, moet op 'n positiewe manier krities wees, want om te luister is bepaald nie 'n passiewe saak nie, maar 'n aktiewe een. Dit is nie om maar net te hoor nie, maar om intens te luister met jou hele hart, jou hele siel en jou hele verstand.

Ons moet krities luister of die prediker wel daadwerklik God se Woord bring. Die Jode-Christene in Berea is as volg beskryf: "...hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge (Paulus se woorde) so was" (Handelinge 17:11). Die herder se skape ken sy stem en volg hom (Johannes 10:4). Dit is slegs vir hulle moontlik om sy stem te onderskei deur die opgeskrewe woorde, die heilige Skrif. Om dit te kan doen, moet ons dus die Bybel persoonlik en gesamentlik lees. Die Bybel moet noukeurig en in sy geheel gelees word. Ons moet 'n enkele boom kan raaksien, maar terselfdertyd nie die

Ongelukkig weet die kerk soms meer van advertensie en bekendstelling as van gebed

- L Ravenhil

hele bos uit die oog verloor nie. Soos wat ons uit eie ervaring weet, kan 'n Christen wat deur die week sy Bybel lees die prediking op Sondag ten volle geniet, terwyl die prediking minder waarde het vir iemand wat nie gereeld Bybel lees nie.

Wat krities luister betref, kan aanbeveel word dat 'n mens aantekeninge maak tydens die preek. Die Puriteine in die sestiende en sewentiende eeu in Engeland en Noord-Amerika was daarvoor bekend dat hulle notas gemaak het tydens die preek ('sermon note-taking'). Dit het ook in 'n groot mate die 'huisgodsdiensoefening', die daaglikse diens aan God binne die raamwerk van die gesin ondersteun. By die Puriteine was dit gebruiklik dat die hoof van die familie na die preek met die ander gesinslede daarvoor gepraat het. Die aantekeninge was dan 'n hulpmiddel om dit wat gehoor is, te onthou.

Verwerking van die prediking

Ter afsluiting moet nog genoem word dat die prediking altyd toegepas moet word. Die hoorders van die Woord moet ook gehoorsaam wees aan die Woord: "En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg

nie" (Jakobus 1:22). Om te luister is nie neutraal of sonder verpligting nie, maar dit vra 'n keuse en gehoorsaamheid. Eers wanneer die prediking in die praktyk uiting vind, dra dit vrugte. Dit is nutteloos om net God se Woord te hoor en niks daarmee te doen nie (Jakobus 1:21-24). Die geloof sonder werke is dood, soos wat die liggaam sonder gees dood is (Jakobus 2:26). Kenmerkend van 'n dwase man wat sy huis op die sand bou, is dat hy die woorde van die Here hoor en dit nie doen nie (Matteus 7:26). As iemand Jesus as sy Here aanneem, dan moet hy ook handel volgens sy woorde. "En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46). Elkeen wat die wil van God doen, dié is Jesus se broer en suster en moeder (Markus 3:35). "Salig is hulle wat die woord van God hoor en dit bewaar" (Lukas 11:28). "Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby" (Openbaring 1:3). Kortom, die prediking wil lewe: nie net in die kerkdiens nie, maar ook in die aktuele lewe van ons gesin, skool en werk. Week in en week uit moet ons gewone lewe diens aan God wees. Dit is wat dit beteken om voor God se aangesig te lewe!

'n Voorbeeld van Chinese Christene

Ek herinner my aan 'n onvergeetlike foto. Dit is deur my vriend geneem wat 'n paar jaar as sendeling in China gewerk het. Hy het 'n oomblik van 'n kerkdiens op film vasgelê. Die kerkgebou is kaal en sonder versierings. Daar is nie eens stoele nie. Ongeveer dertig Christene, mans en vroue met ou en verslete klere, sit op die grond. Wat my van die foto aangespreek het, is hoe dit wys hoe intens hulle na die preek geluister het: die hoorders sit almal voor die preekstoel heeltemal na vore gebuig om so ernstig en ywerig moontlik na die preek te luister. Ek bid dat alle Christene vandag so na die prediking uit God se Woord sal luister!

Wie slegs geleer het om te vlug na elke hoekie waar die wêreld hom ongemoed laat, het geen staanplek nie, omdat die hele wêreld strydplek is in die worsteling teen Christus

- K Schilder

KOM ALLES TOG UITEINDELIK REG?

J van Amstel



Wie jy ook al is en wat jy ook al doen, God hou van jou. Wie jy ook al is en wat jy ook al doen, uiteindelik kom alles reg. So lui 'n bekende liedjie, wat dan verstaan moet word as: Al is jy hoe sleg en al doen jy die vreeslikste sonde, God neem jou nie kwalik nie, want Hy hou tog van jou.

God is liefde

Dit is ondenkbaar dat God liefhet. Dat Hy sondaars liefhet is een groot wonder. 'n Mens kom steeds meer onder die indruk van die oorbekende woorde van Johannes 3:16 “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het. . .” Later skryf dieselfde apostel: “Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het. . .” (1 Johannes 3:1).

In die Ou Testament klink dit al: “*Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde*” (Jeremia 31:3).

In die Nuwe Testament word dié liefde nog meer sigbaar deur die koms van die Seun van God. Hyself het sondaars oneindig lief en lê sy lewe vir hulle af. Wat 'n liefde! Daar is nie 'n kind van God wat nie steeds meer verwonderd staan oor

hierdie ewige, eensydige en onverdiende liefde nie. Dit dring hoe langer hoe meer tot gebed. Jy het naderhand nie woorde nie en ook in gesang kom jy woorde kort om dié liefde te loof.

Juis wanneer jy sien wie jy is (ek, ellendige mens) en jou sondige bestaan hoe langer hoe meer duidelik word, kan jy hierdie liefde nouliks glo. Hoe dieper jou besef word dat jy die toorn van God verdien en dit regverdig sou wees as God jou sou veroordeel (lees maar Galasiërs 3), hoe minder kan jy dit begryp dat God 'n sondaar soos jy werklik liefhet. Wanneer jy saam met Johannes bely: God is liefde, is dit nie te veel gesê nie. Jy mag van hierdie liefde geniet en saam met Paulus bely dat niks of niemand jou ooit sal kan skei van hierdie liefde van God wat daar in Jesus Christus, ons Here, is nie.

Dit wil ewenwel nie sê dat God nou ieder en elk liefhet en dat jy dit sonder meer aan almal kan verkondig nie. Dat dit tog nie saak maak wie jy is en wat jy doen nie — God hou van jou. Dan sou dit lyk asof niemand verlore gaan nie. God is immers liefde. Asof jy sondig kan lewe, want God is tog liefde! Asof, as jy nie glo nie, dit tog goed sal afloop en dat jy teweens reeds goed daarvan af is, want God hou van jou. So 'n opvatting is misleidend. Net so kan jy nie vir een en almal sê: God hou van jou, jy moet dit nou nog net glo, nie.

Ons moet met Bybelse onderskeidingsvermoë oor die liefde van God praat. Veral oor die betekenis daarvan dat God sy uitverkorenes van ewigheid liefhet en sy Seun vir hulle gegee het, waarvan Paulus aan die begin van sy brief aan

**Die omhelsing van Christus in die geloof
is die eerste bewys van wedergeboorte,
en slegs dan kan ons weet dat ons werklik wedergebore is.**

- John Murray

die Efesiërs jubel: *“Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld”*.

Die toorn van God

Dit is opvallend dat sommige mense net oor die liefde van God praat, en wil praat, sonder om ooit aan die toorn van God te dink. Baie wil absoluut niks oor die toorn van God hoor nie. Dit pas nie by hulle ‘godsbeeld’ nie. Jy hoor hoe hulle sê: ek kan my nie indink dat God toornig is nie, want God is liefde.

Sy lewe lank het die Seun van God hierdie toorn gedra...

Daar is mense wat hulle nie die liefde van God kan indink nie. So is daar ook hulle wat hulle nie die toorn van God kan voorstel nie.

Nou gaan dit nie oor óns begrips- en voorstellingsvermoë nie. In die eerste plek is dit ontoereikend en dit is ook nie beslissend nie. Ons het te make met God wat Hom in sy Woord bekend maak, en ons moet alles wat Hy oor Homself bekendmaak, glo - of ons daarmee saamstem al dan nie.

Hoe moet ons daarvoor dink?

Ons hoor in die Woord van God hoe God toorn oor die sonde. Toe die sonde hemelhoog word, kom Hy met die sondvloed. Wanneer dit ‘Sodom en Gomorra’ word, keer God dié stede om. Dien die volk van God ander gode, kry hulle nie net met sy ongenoeë te doen nie, maar met sy werklike toorn. Israel het nie net skielik in ballingskap beland nie! Die profete het meer as eens die toorn van God aangekondig. Ook Moses, wat so nou met God omgegaan het, roep

met ontsetting uit: *HERE*, wie ken u toorn?

Wie het die toorn van God dieper gepeil as die eie Seun van God? Sy lewe lank het Hy hierdie toorn gedra, veral aan die kruis toe Hy uitgeroep het: *“My God, My God, waarom het U My verlaat?”* (Mattheus 27:46).

In die Nuwe Testament is ook nog sprake van die toorn van die Lam! Mog niemand van ons dié ewige toorn ondergaan nie.

Daarom ook dat ons opgeroep word om die toorn van God te ontvlug. By name word ons genooi om te vlug tot die Lam van God, om te weet dat Hy die toorn van God oor ons sonde gedra en weggedra het.

Ons lees in Johannes 3: *“Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom”* (vs. 36). Dit is vreeslik om as kind van die verbond vir ewig verlore te moet gaan. Daarom moet ons erns maak met die toorn van God.

Dit is heerlik om oor die liefde van God te kan en mag praat, maar as ons nie tekort wil doen aan Wie Hy is nie, moet ons ook oor sy toorn praat.

Hoe meer die Heilige Gees ons oortuig van die oordeel van God en van die toorn van God oor ons sonde, des te groter word ons verwondering daaroor dat God sulke mense liefhet én sy liefde daarmee bewys dat Hy sy Seun vir ons gegee het.

Die liefde van die Vader én die liefde van die Seun vervul ons dan só dat ons sing van Hom wat ons van die toorn bevry het en dat ons in die grootste aanvegtinge verseker mag wees dat Christus in ons plek gestaan het en die toorn van God vir ewig weggedra het.

Ek sal vir ewig in die kruis roem, want Christus het die vloek vir my gedra!

Dit is die mees kenmerkende waaraan die sonde teen die Here sigbaar word: Dit begin met ’n beter-weterige houding, en dit eindig in selfverlossing en selfvergoddelyking.

IS 'N GEBED VIR BEKERING 'N TEKEN VAN HAAT EN ONVERDRAAGSAAMHEID?

AS van der Lugt



In 1999 was Hindoes verontwaardig en kwaad vir Christene oor 'n gebedeboek van die Southern Baptist Mission Board. In dié boekie word van Hindoes gesê: 'mense wat verlore is in die hopelose duisternis van die Hindoeïsme' en 'slawe gebonde aan angs en tradisies van valse gode'. Die Hindoe koerant *Vartman* skryf daaroor en sê dit is uiters sorgwekkend. Dit is provokasie en lasterlik, dit bevorder 'n veldtog van haat en onverdraagsaamheid teen die Hindoeïsme. In Bosnië, Serwië, Burundi, Noord-Ierland ens. sien mens die afskuwelike gevolge van sulke kampanjes. 'Die oproep van hierdie Baptiste is waansinnig!' Die Uday Stigting (die uitgewer van *Vartman*) hoop dat Protestante nie aan hierdie oproep sal gehoor gee nie en hoop ook op skerp veroordeling deur die godsdienstige gemeenskap'.

Haat?

Haat Christene hulle medemens? Dit is nie die eerste keer dat hierdie verwyrt gemaak word nie. Die Romeinse skrywer Tacitus het Christene al verdink van 'haat teen die menslike geslag'.

Maar hierdie beskuldiging kan nie standhou nie. Haat is 'n gevoel van intense afkeer van mense. Christene wat hoop vir die bekering van ander mense, haat nie die ander nie. Hulle spreek met goeie bedoelings tot hulle naaste oor hulle geloof. Dit mag dalk nie lekker wees as Christene dit doen nie, maar dit het niks met haat te doen nie.

Onverdraagsaam?

Is dit dan onverdraagsaamheid? Ook nie. Wanneer 'n Hindoe van 'n Christen hoor dat hy hom tot Christus moet bekeer, mag hy dalk die gevoel kry dat hy nie verdra word nie. Dit gaan ewewel nie oor wat die persoon *is* nie, maar oor sy geloof. Elke mens het 'n sekere vryheid om oor sy geloof 'n keuse te maak. Dat daar jaarliks vele mense keuses maak oor die grense van godsdienste heen, is bewys hiervan. Elkeen *kan* kies. Of hy *wil*, is 'n ander saak.

As mens met mekaar praat oor hierdie keuse van godsdienste, is dit nie 'n vorm van onverdraagsaamheid nie. Die oorsprong van die woord verdraagsaamheid word in die *Groter Winkler Prins Ensiklopedie* (1993) aangedui as 'die geesteshouding of politiek waarby aan persone en groepe met denkbeelde of gedrag wat van dié van die meerderheid van die bevolking afwyk, byvoorbeeld op politieke of godsdienstige gebied, die vryheid gegee word om aan hierdie denkbeelde in die persoonlike of openbare lewe uiting te gee of in praktyk te bring'. Dit beteken dus dat 'n instansie wat mag

**God se liefde is 'n vrye liefde –
dit het geen motief of grond nie,
behalwe in homself.**

- Thomas Brook

besit, daarvan afsien om met sy magsmiddele afwykende menings te laat aanpas of verbied. Dit gaan daaroor om dit wat in die oë van die maghebber verkeerd is, te verdra.

By die Christen se vraag na bekering, gaan dit nie oor sulke magsgebruik nie.

Vryheid

Só beskou, is dit nie juis om Christene onverdraagsaamheid te verwyt nie. Wie die menings, gedagtes of gedrag van 'n ander afkeur, is nog nie onverdraagsaam nie. Almal doen dit. Ook Hindoes het menings oor Moslems, of oor ateïste wat sê dat hulle aan niks glo nie. As jy nie mag oor 'n ander het nie, is daar nie sprake van verdraagsaamheid of onverdraagsaamheid nie. Christene gee nie vryheid aan ander nie, hulle *het* vryheid. Al keur iemand wat besondere waardes daarop nahou, bepaalde punte in die lewe van ander af, kan hy hom gewoonweg met sy waardes laat begaan.

Só is dit met Christene wat die mening huldig dat elkeen hom tot Christus moet bekeer. Hulle is inderdaad oortuig dat nie-Christene 'n fout maak (wat ernstige gevolge het), maar hulle respekteer die vryheid van keuse van dié mense. Ons leef in 'n vry land, waar elkeen foute kan maak. Niemand word met magsmiddels gedwing om Christen te word nie. Die begrip dwang word dus ten onregte in verband gebring met gebede van Christene vir die bekering van Hindoes of wie ook al.

Misbruik?

Is daar dan nie voorbeelde van magsmisbruik deur Christene in die sending nie? Verseker, dit kan nie ontken word nie. Mens hoef maar net die geskiedenisboeke te lees. Maar jy kan nie alle Christene aan hulle tradisie of die verlede van sommige meet nie. Jy moet 'n Christen beoordeel na sy Heer, Jesus Christus. Vanuit die

standpunt van 'n Hindoe is dit miskien nie logies nie. Die Hindoes het nie 'n stigter van hulle geloof nie en lewe in 'n ou tradisie wat baie veelvormig ontwikkel het. Die Christelike geloof is nie net tradisie nie. Die Here Jesus Christus het die leer vir die Christene en die kerk gegee. Daarvolgens moet die Christelike geloof as geloof gemeet word.

Hy het die waarheid verkondig en baie toehoorders wou dit nie verdra nie. Tog het Hy niemand tot geloof gedwing nie.

Christus self

Een van die bekendste uitsprake van Christus is die volgende: *“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word”* (Johannes 3:16, 17). Volgens Jesus Christus self lê die verskil tussen gered word en verlore gaan in geloof in Hom. Elkeen wat van Jesus gehoor het, weet dat Hy tydens sy lewe veel goeds gedoen het: Hy het siekes genees en vele van bese geeste bevry. Van haat teenoor mense kan jy Hom nie beskuldig nie. Hy het die waarheid verkondig en baie toehoorders wou dit nie verdra nie. Tog het Hy niemand tot geloof gedwing nie. Hy het Hom intendeel dikwels laat wegstuur, bespot en verneder. Hy het Hom selfs laat arresteer en in 'n onregverdige proses ter dood laat veroordeel. Hy het vrywillig onder die onverdraagsaamheid van mense gely. Hy het wel gewaarsku dat daar 'n dag kom waarop God elkeen tot verantwoording sal roep (bv. Lukas 19:11-27).

**Christus is die bron,
maar ook die einddoel van geestelike groei**

Ook dit was bewys van sy “mensliewendheid”. Wie nie teen gevaar waarsku nie, gee mense ook nie kans om hulle lewe te verbeter nie.

Die sendingopdrag

Die volgelinge van Jesus Christus het by Hom die volgende opdrag gekry: “*Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het*” (Matteus 28:19). Dit het niks met Westerse kolonialisme of imperialisme te doen nie, want die eerstes wat die woorde gehoor het, was Oosterlinge uit Palestina. Dit was nie arrogansie nie toe die dissipels van Jesus gesê het: “*daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie*” (Handelinge 4:12). Hierdie uitspraak getuig inteendeel van respek vir en gehoorsaamheid aan die woord van Jesus Christus self. Dit moet Christene leer om die Naam van Christus uit te dra in die styl van hulle Meester: met goeie werke, onwrikbaar in die waarheid en bereid om te ly.

Vrywillig

Daar is dus geen rede vir ’n gevolgtrekking dat ’n oproep tot bekering onverdraagsaamheid of haat teenoor mense beteken nie. Inteendeel: wie waarsku en die pad na redding aanwys, bewys liefde aan sy naaste. Ook mag niemand met geweld gedwing word nie, want Jesus het gesê: “As iemand agter My aan *wil* kom...” (Matteus 16:24). In die Bybel staan ook: “*Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE...*” (Sagaria 4:6). Wie mense op een of ander manier tot geloof dwing (hetsy met welvaart of iets dergeliks) volg nie die voorbeeld van die Here self nie. Elke nie-Christen mag die foute van Christene wat van hulle Here afwyk, met reg kritiseer. Maar elke nie-Christen moet

ook homself afvra hoe hy die woorde van Jesus Christus ontvang.

Woordkeuse

Gehoorsaamheid aan die Here is vir Christene belangriker as die reaksie van nie-Christene. Nie dat die laasgenoemde onbelangrik is nie. As die woordkeuse van Christene die indruk skep dat aanhangers van ander godsdienste onverantwoordelike of minderwaardige mense is, kan hulle met reg verontwaardig wees. As *Vartman* uit die gebedeboek aanhaal: ‘Hindoes is ... sonder verantwoordelikebesef’ dan skep die uitlating misverstand en is dit daarom ongeregverdig. Die menslikheid van ’n ander en sy bydrae tot welsyn van die samelewing verdien respek. Die ander uitsprake wat deur die Southern Baptists in hulle gebedeboek gemaak is, is skerp. Mens neem aan dat die boek vir interne gebruik bestem is. Wie Christus volg en as die ware lig vir die wêreld erken, sien die mense wat sonder Christus leef in ’n geestelike duisternis. Dat die ander dit nie só ervaar nie, is logies. Dat Christene hulle so sien, beteken nie dat hulle hul nie-Christelike naaste in die samelewing as minderwaardiges mag behandel nie. Nie as hulle die opdrag en die voorbeeld van hulle Here wil volg nie.

As Christus die enigste ware God is, *is* die ander vals in die sin van: nie betroubaar vir die vind van die ewige vrede met God die Skepper nie. Al vind die Hindoes hulle eie godsdien betroubaar, kan hulle die Christene nie die reg ontsê om daarvoor hulle eie siening te huldig wat deur die Here self geïnspireer is nie. Wat nie-Christene wel mag verwag is ’n benadering waarin hulle as mense ernstig opgeneem word. En solank as wat daar in vryheid en sonder dwang met mekaar gepraat word, word daar aan hierdie vereiste voldoen.

**Bekering en geloof is albei vernederende gawes:
by bekering verafsku ’n mens homself,
en by geloof gaan seek hy buite homself.**

- Thomas Watson